Les 7

** 10 – 16 Februarie*

Om eerlik met God te wees

SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:
Lukas 16:10, Levítikus 27:30, Génesis 22:1–12, Hebreërs 12:2, Lukas 11:42, Hebreërs 7:2–10, Nehemía 13.

Geheueteks:
" 'En wat in die goeie grond val – dit is die wat, nadat hulle gehoor het, die woord in 'n edele en goeie hart hou en met volharding vrug dra.' " *(Lukas 8:15).*

Hoe lyk 'n eerlike hart, en hoe word dit geopenbaar? Die kontemporêre kultuur sien eerlikheid dikwels as 'n vae beïnvloedbare sedeleer; die meeste mense is nou en dan oneerlik, maar meen dat dit aanvaarbaar is so lank as wat die skending nie te erg is nie. Spesifieke omstandighede, word daar gesê, kan ook oneerlikheid regverdig. Waarheid en eerlikheid gaan altyd saam. Maar, ons was nie met 'n neiging om eerlik te wees gebore nie; dit is 'n aangeleerde morele deug, en is die kern van 'n rentmeester se morele karakter.

Wanneer ons eerlikheid beoefen, is die uitkoms positief. Byvoorbeeld, daar is nooit 'n bekommernis dat jy uitgevang sal word as jy 'n leuen vertel nie, of om dit weg te steek nie. Vir hierdie rede en nog meer, is eerlikheid 'n waardevolle persoonlikheidseienskap, veral in moeilike situasies wanneer die versoeking groot is om oneerlik te wees. In hierdie week se les gaan ons die geestelike konsep van eerlikheid bestudeer deur tiendebetaling, en sien hoekom tiendebetaling so uiters belangrik vir die rentmeester en vir rentmeesterskap is.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding van Sabbat, 17 Februarie.*

Sondag

11 Februarie

Opregte eerlikheid

Iets wat die meeste van ons in gemeen het, is dat ons nie van oneerlikheid hou nie. Ons hou veral nie daarvan wanneer ander mense oneerlik optree nie. Dit is egter nie maklik wanneer ons dit in onsself sien nie, en indien ons oneerlik is, het ons die neiging om ons optrede te regverdig en dit van minder belang te maak: O, dit is nie so erg nie; dis net iets kleins wat nie regtig belangrik is nie. Ons kan onsself die meeste van die tyd bedrieg; maar vir God nooit nie. "Mense van alle stande tree oneerlik op, en die rede daarvoor is dat baie wat bely dat hulle die waarheid liefhet, louwarm is. Hulle is nie met Christus verbind nie, en bedrieg hulleself." — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 4, bl. 310, *(vrye vertaling)*.

Lees *Lukas 16:10*. Watter belangrike beginsel word hier deur Jesus weergegee wat ons behoort te help om te sien hoe belangrik dit is om selfs "'in die minste'" getrou te wees?

Maar God weet juis hoe maklik ons oneerlik kan wees, veral met betrekking tot ons besittings. Daarom het Hy ons 'n kragtige teenmiddel vir oneerlikheid en selfsugtigheid gegee, ten minste wat materiële besittings betref.

Lees *Levítikus 27:30* en *Maleági 3:8*. Wat leer hierdie teksverse ons, en hoe kan dit wat hulle sê ons help om eerlik te bly?

"Daar word geen beroep op dankbaarheid of vrygewigheid gedoen nie. Dié is 'n saak van doodgewone eerlikheid. Die tiende behoort aan die Here; en Hy beveel ons om aan Hom terug te besorg wat Sy eie is. . . . As eerlikheid 'n essensiële beginsel van die sakelewe is, moet ons nie ons verpligting teenoor God erken nie – die verpligting wat alle ander ten grondslag lê?" — Ellen G. White, *Opvoeding*, bl. 138-139.

Hoe kan tiendebetaling jou help om te onthou wie eintlik alles wat jy het, besit? Hoekom is dit belangrik om nooit te vergeet aan wie al jou besittings behoort nie?

Maandag

12 Februarie

Om deur geloof te lewe

Lees ***Génesis 22:1–12*****. Wat vertel hierdie verhaal ons oor die werklikheid van Abraham se geloof?**

Om deur geloof te lewe is nie ‘n eenmalige gebeurtenis nie. Ons verklaar nie op ‘n kragtige wyse net eenmaal ons geloof om daardeur te bewys dat ons inderdaad lojale en getroue Christene is wat deur die genade en deur die bloed van Christus gedek is nie. Byvoorbeeld, die godsdienstige wêreld is nog steeds, na duisende jare, verstom oor die geloofsdaad van Abraham op die Berg Moria toe hy vir Isak wou offer *(Génesis 22)*. Maar, hierdie geloofsdaad was nie net iets wat Abraham opgeroep het toe hy dit nodig gehad het nie. Sy lewe van getrouheid en gehoorsaamheid voor die tyd het hom in staat gestel om te doen wat hy gedoen het. Indien hy dikwels voor die tyd ontrou was, sou hy nooit die toets geslaag het nie. Daar is geen twyfel ook dat ‘n man met so ‘n geloof nie ná hierdie gebeurtenis sou voortgaan om sy geloof uit te lewe nie. Dit kom daarop neer dat die geloof van ‘n rentmeester ook nie ‘n eenmalige handeling is nie. In die loop van die tyd sal dit òf dieper en sterker, òf oppervlakkig en swakker word, afhangende van hoe die persoon wat daardie geloof toe-eien, dit beoefen.

Lees Hebreërs 12:2. Wat vertel hierdie vers ons oor die bron van ons geloof en hoe om dit te bekom?

Ons enigste hulp as getroue rentmeesters is om “die oog [te vestig] op Jesus, die Leidsman en Volleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het” *(Hebreërs 12:2)*. Die woord “Voleinder” word net hier in die Nuwe Testament gebruik en kan ook vertaal word as “vervolmaak”. Dit beteken dat Jesus beplan om ons geloof tot volwassenheid en volmaaktheid te bring *(Hebreërs 6:1, 2)*. Daarom is geloof en die geloofslewe ‘n dinamiese ondervinding: dit groei, dit word volwasse en dit vermeerder.

Op watter maniere het jy jou geloof in die loop van tyd sien groei en ryp word? Of, het dit?

Dinsdag

13 Februarie

‘n Lewe van geloof

Soos ons gister gesien het, is geloof ‘n proses, ‘n dinamiese ondervinding wat, indien moontlik, sal groei en ryp word tot ‘n volwasse geloof. En een manier hoe God ons geloof “voleindig” en dit vervolmaak, is deur tiendebetaling. As tiendebetaling reg verstaan word, is dit nie wetties nie; wanneer ons tiende betaal, is ons nie besig om ons weg na die hemel te verdien nie. Inteendeel, tiendebetaling is ‘n manier om ons geloof te bely. Dit is ‘n uiterlike, visuele, persoonlike getuienis van die werklikheid van ons geloof. Per slot van rekening, enigiemand kan daarop aanspraak maak dat hy of sy geloof het en in God glo, en selfs om in Jesus te glo. Soos ons weet, “die duiwels glo dit ook” *(Jakobus 2:19)*. Maar om 10 persent van jou inkomste terug te gee aan God? Dít is ‘n geloofsdaad.

Lees ***Lukas 11:42*****. Wat beteken dit wanneer Jesus impliseer dat tiendebetaling nagekom moet word? Wat is die verwantskap tussen tiende en die gewigtiger aspekte van die wet?**

Tiendebetaling is ‘n nederige uitdrukking van jou afhanklikheid van God en ‘n daad van vertroue in Christus as ons Verlosser. Dit is om te erken dat ons alreeds geseën is “met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus” *(Efésiërs 1:3)*, en ‘n belofte van nog meer seëninge wat kom.

Lees ***Génesis 28:14–22*****. Wat was Jakob se reaksie op God se belofte?**

“Gods plan van tiendebetaling is pragtig in sy eenvoud en regverdigheid. Almal kan dit in geloofsvertroue en met moed aanneem, want sy oorsprong is Goddelik. Eenvoud en bruikbaarheid is hierin saamgevat en dit vereis geen hoë geleerdheid om te verstaan of uit te voer nie. Almal kan voel dat hulle ‘n deel bydra tot die vooruitgang van die kosbare werk van sieleredding. Elke man, vrou of jongmens mag ‘n tesourier van God word en help om voorsiening te maak vir die eise wat aan Sy skatkis gestel word ....” — Ellen G. White, *Raad oor Rentmeesterskap*, bl. 73.

Op watter maniere het jy vir jouself die egte geestelike seëninge ontdek wat ondervind word wanneer jy tiende betaal? Hoe het tiendebetaling gehelp om jou geloof te vergroot?

Woensdag

14 Februarie

‘n Eerlike tiende: Heilig aan die Here

Ons praat dikwels oor ons tiende wat aan God verskuldig is. Maar hoe gee ons aan God wat Hy alreeds besit?

Lees *Levítikus 27:30*. Watter twee belangrike beginsels word in hierdie teksvers oor tiende genoem?

“Die tiende behoort aan die Here en daarom is dit heilig. Dit word nie geheilig deur ‘n belofte of deur ‘n toewydingsdaad nie. Dit is doodeenvoudig van nature heilig; dit behoort aan die Here. Niemand behalwe God het reg daartoe nie. Niemand kan dit aan die Here toewy nie, want die tiende is nooit deel van ‘n persoon se besittings nie.” — Ángel Manuel Rodríguez, *Stewardship Roots* (Silver Spring, Md.: Stewardship Ministries Department, 1994), bl. 52, *(vrye vertaling)*. Ons maak nie die tiende heilig nie; God doen dit. Hy het die reg daartoe. As rentmeesters gee ons aan Hom terug wat aan Hom behoort. Die tiende behoort aan God vir ‘n spesifieke doel. Deur dit vir enige ander doel terug te hou, is oneerlik. Die gewoonte om die heilige tiende terug aan God te gee, moet nooit gebreek word nie.

Lees *Hebreërs 7:2–10*. Hoe openbaar Paulus se bespreking oor Abraham se tiendebetaling aan Melgisedek ‘n dieper betekenis van tiendebetaling? Aan wie het Abraham eintlik tiende betaal?

Daarom, net soos die Sabbat heilig is, so is die tiende ook heilig. Die woord “heilig” beteken “afgesonder vir gewyde gebruik”. Die Sabbat en die tiende word so met mekaar verbind. Ons hou die sewende dag as ‘n Sabbat omdat dit heilig is; en ons hou die tiende eenkant as God se besitting, omdat dit heilig is. “God het die sewende dag geheilig. Daardie spesifieke gedeelte van tyd wat deur God self afgesonder was vir aanbidding, is vandag nog net so heilig soos toe dit deur die Skepper aanvanklik heilig verklaar was. “Op soortgelyke wyse is ‘n tiende van ons inkomste ‘heilig aan die Here’. Die Nuwe Testament stel nie weer die wet van die tiende in nie, en ook nie van die Sabbat nie; want die geldigheid van beide word aanvaar, en hulle diep geestelike betekenis word verduidelik. . . . Terwyl ons as mense getrou daarna streef om aan God die tyd wat Hy vir Homself bewaar het, vir Hom te gee, sal ons nie dan ook die gedeelte van ons middele aan Hom gee wat Hom toekom nie?” — Ellen G. White, *Counsels on Stewardship*, bl. 66, (vrye vertaling).

Wat kan jy doen om die besef dat jou tiende inderdaad “heilig” is, in jou hart lewendig te hou?

Herlewing, hervorming, en tiendebetaling

Die lang heerskappy van Hiskia word deur die stam van Juda as ‘n hoogtepunt gesien. Vanaf Dawid en Salomo het Israel nog nie weer soveel seën van God geniet nie. In II Kronieke 29—31 lees ons van Hiskia se herlewing en hervorming: “En hy het gedoen wat reg was in die oë van die Here” *(II Kronieke 29:2)*. “... So is dan die diens in die huis van die HERE gereël” *(II Kronieke 29:35)*. Die pasga was gehou *(II Kronieke 30:5)*. “En daar was groot blydskap in Jerusalem” *(II Kronieke 30:26)*. Heidense beelde, altare en hoogtes was vernietig *(II Kronieke 31:1)*. ‘n Herlewing in die harte en ‘n hervorming van verkeerde gewoontes het plaasgevind en tot gevolg gehad dat daar ‘n oorvloed van tiendes en offergawes ingebring was *(II Kronieke 31:4, 5, 12)*.

Nehemía noem ‘n ander voorbeeld van herlewing, hervorming en tiendebetaling. Lees *Nehemía 9:2, 3*. Wat het die herlewing van hart beteken? Lees *Nehemía 13*. Nadat Nehemía die “huis van God” hervorm het *(Nehemía 13:4)*, wat het die volk van Juda daarheen gebring *(Nehemía 13:12)*?

Herlewing en hervorming verskil vanmekaar. Herlewing dui ‘n vernuwing van die geestelike lewe, ‘n herlewing van die kragte van die verstand en hart, en ‘n opwekking uit die geestelike dood aan. Hervorming dui ‘n herorganisering, ‘n verandering van gedagtes en teorieë, gewoontes en praktyke aan.” — Ellen G. White, *Christian Service,* bl. 42, *(vrye vertaling)*. Daar is van nature ‘n verwantskap tussen herlewing, hervorming en tiendebetaling. Sonder tiendebetaling is herlewing en hervorming louwarm, as dit ooit herlewing is. Te dikwels bly ons as Christene op die kantlyn terwyl ons aktief betrokke behoort te wees aan die Here se kant. Herlewing en hervorming vereis toewyding, en tiendebetaling is deel van daardie toewyding. As ons dit wat God van ons vra, terughou, kan ons nie verwag dat Hy op wat ons van Hom vra moet reageer nie.

Herlewing en hervorming gebeur in die kerk, nie buite die kerk nie *(Psalm 85:6)*. Ons moet uitreik tot God om herlewing te ondervind *(Psalm 80:19)* en “‘die eerste werke [doen]’” *(Openbaring 2:5)* vir hervorming om plaas te vind. ‘n Hervorming moet plaasvind ten opsigte van wat ons hou, en wat ons aan God teruggee. Dit is nie die handeling wat die verskil maak nie, maar die besluit van die verstand en emosies wat die motief en die toewyding openbaar. Die gevolg sal wees ‘n geloof wat groei, ‘n skerper geestelike insig wat toeneem, en hernieude eerlikheid wat toegepas word.

Vir verdere studie:

God het al die verbonde wat in die Bybel genoem word, geïnisieer, en leiding geneem om Sy volk daarby te betrek *(Hebreërs 8:10)*. Die verbondsbeloftes weerspieël Sy genade, liefde en begeerte om ons te red. 'n Verbond met God sluit baie dinge in: God; 'n ontvanger; die voorwaardes van die verbond; beide partye se toewyding aan die voorwaardes; bepaalde straf wanneer die verbond nie gehou word nie, en gewensde resultate of uitkoms. Die konsep van tiendebetaling weerspieël hierdie komponente in Maleági 3:9, 10. Hierdie teksvers herhaal die spesiale verbond van tiendebetaling tussen God en Sy rentmeesters. Wanneer ons tot so 'n verbond toetree, is dit 'n uiterlike teken dat ons die materialistiese beginsels van verkwisting teenstaan, en dat ons bewys dat iets goeds uit 'n bekeerde hart kan voorspruit.

"'n Inhalige, selfsugtige gees weerhou mense daarvan om God Sy eie te gee. Die Here het 'n spesiale verbond met die mens gesluit, dat as hy gereeld die deel afsonder wat vir die vooruitgang van Christus se koninkryk bestem is, die Here hulle oorvloedig sal seën – in so 'n mate dat daar nie plek sal wees om die gawes te ontvang nie. Maar as die mens van God weerhou wat aan Hom behoort, verklaar die Here onomwonde: 'Met die vloek is julle belaai' " — Ellen G. White, *Raad oor Rentmeesterskap*, bl. 77. Om in 'n verbondsverhouding met God te leef, bring verantwoordelikhede mee. Ons geniet die beloftes van die verbond, maar baie keer hou ons nie van die bepalings en verantwoordelikhede nie. En tog is 'n verbond in hierdie konteks 'n tweesydige ooreenkoms, en tiendebetaling is een van die twee as ons in die verbond wil bly.

Vra vir bespreking:

1. Hoekom is die betaling van tiende so 'n belangrike geloofsdaad van ons kant af?
2. Wat sal jou woorde vir iemand wees wat sê: "Ek kan nie bekostig om tiende te betaal nie"? Hoe help jy 'n persoon wat hom of haarself in hierdie situasie bevind? En, behalwe woorde, wat kan nog gedoen word om so 'n persoon te help?
3. Woensdag se laaste vraag het gevra wat jy moontlik kan doen om altyd te besef dat die tiende heilig is. Wat was sommige van jou antwoorde? Hoe beïnvloed die feit dat dit heilig is, jou reaksie om dit te betaal?